**Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here? (OP149)**

**Gen 17:15-22, 18:1-15**

**8 Oktober 2023**

Die afgelope paar weke het ons stilgestaan by die verbond wat die Here met Abraham opgerig het. In Gen 15 het die Here die beloftes van ‘n groot nageslag en die beloofde land aan Abraham herhaal. Abraham het die beloftes van die Here geglo, en die Here het daarom aan hom geregtigheid gegee. Boonop het die Here beloof dat Abraham in vrede sou sterf. Tydens die sluiting van die verbond het die Here alleen tussen die stukke diere deurbeweeg, om daardeur aan te dui dat die verantwoordelikheid om dit alles in vervulling te laat gaan, by die Here alleen rus. In Gen 17 het die Here ook aangedui dat Hy nou van Abraham verwag om in geregtigheid voor die Here te leef. Die Here het verder aangedui dat Hy Abraham nuutgemaak het deur vir hom ‘n nuwe naam te gee – Abraham, die vader van ‘n menigte nasies. Boonop het die Here onderneem dat Hy Abraham en sy nageslag se God sal wees. Daarna het die Here aan Abraham die opdrag gegee dat hy en sy nageslag, insluitende sy huishouding, besny moes word. Ons het na drie betekenisse van die besnydenis gekyk: (1) Dit was ‘n teken dat die besnedene deel van die verbondsgemeenskap is. (2) Dit was ‘n teken dat die besnedene behoefte gehad het aan reiniging wat hy kon verkry deurdat sy hart besny moes word. In die Nuwe Testament is die reiniging of hartsbesnydenis bewerk deur die werk van Christus wat gelowiges se sondige bestaan wegneem, en die Heilige Gees wat hulle harte besny en hulle begelei in heiligmaking. (3) Die besnydenis het ook vooruit gewys na die koms van Jesus wat juis uit Abraham se nageslag gebore sou word. In die Nuwe Testament het hierdie betekenis verval, omdat Jesus reeds gekom het, en die besnydenis is dus vervang met die waterdoop.

Vandag wil ek stilstaan by die gebeure in Gen 17:15-22 en die eerste gedeelte van Gen 18. Ons gaan eers onsself herinner aan die gebeure van destyds, en daarna wil ek drie toepassings wat hieruit na vore kom, bespreek.

<u>Die historiese gebeure in Gen 17:15-22 en Gen 18:1-15</u>

Lees Gen 17:15-16. Tot hiertoe was die fokus in Gen 17 bykans uitsluitlik op Abraham. Maar nou vind ‘n verskuiwing plaas na Sarai. Soos wat die Here Abram se naam na Abraham verander het, verander Hy nou ook Sarai se naam na Sara. Soos wat Abraham se naamsverandering moes aandui dat hy nuutgemaak is in die Here, beteken dit vir Sara dieselfde. Let verder daarop dat die Here beloof Hy sal vir Sara seën – dit herinner natuurlik aan Gen 12:2 waar die Here beloof het om Abram te seën. Verder beloof die Here dat sy vir Abraham ‘n seun sal gee. Dit is die eerste keer sedert die gebeure in Gen 16 waar Abram Ismael by Hagar verwek het, dat die Here direk aan Abraham sê Sara sal vir hom ‘n seun baar. Verder voeg die Here ook nog by dat nasies uit haar sal voortkom, en selfs ook konings. Natuurlik is dit in lyn met wat die Here aan Abraham beloof het in vers 6. Maar toe ons na vers 6 gekyk het, het ons gesê natuurlik is Israel ingesluit as so ‘n nasie, maar ons kan ook dink aan Ismael se nageslag en Ketura se nageslag. Maar nou blyk dit die Here bedoel spesifiek dat Sara se nageslag ‘n menigte nasies en hulle konings sal wees – ‘n verdere aanduiding dat die ware nageslag van Abraham en Sara uit ‘n menigte nasies sal kom. Natuurlik verstaan ons ook, dat bo en behalwe die konings van Israel wat uit Sara se nageslag voort sou kom, is die Here Jesus as die Opperkoning ook uit haar nageslag gebore.

Lees Gen 17:17-22. In hierdie verse lees ons Abraham se reaksie op wat die Here oor Sara gesê het. Ons lees hy het op die grond geval – seker in verbasing, miskien selfs in verstomming. Ons lees hy het gelag, en in sy hart gesê dit klink ietwat onrealisties – immers sou dit beteken dat die seun vir ‘n honderdjarige man en negentigjarige vrou gebore sou word, en almal weet tog dit gebeur nie. Ek

dink nie Abraham was ongelowig nie – immers het die Here alreeds in Gen 15 sy geloof erken. Maar Abraham was wel kleingelowig. En in sy kleingeloof stel hy aan die Here voor miskien moet die Here maar vir Ismael erken as die seun wat gebore sou word. Maar die Here is onwrikbaar. Nee, dit sal 'n seun wees wat Sara vir Abraham in die wêreld sal bring – en die seun sal oor 'n jaar gebore word (v21). Onthou, Abraham was 75 toe hy na die beloofde land getrek het – teen die tyd dat die kind gebore sou word, sou dit dus 25 jaar later wees. En dan sê die Here ook nog vir Abraham hy moet die kind Isak noem – wat beteken "Hy lag". Abraham het gelag oor die belofte van die Here, en nou sê die Here hy moet die kind "Hy lag" noem. Hierna het die Here weggegaan van Abraham af (v22).

Lees Gen 18:1. Nou lees ons die Here verskyn weer aan Abraham. Ons weet nie hoeveel tyd verloop het na Gen 17 nie – maar dit moes redelik kort daarna gewees het. Die vraag is: hoekom het die Here weer gekom en weer Abraham ontmoet? Wat is dit wat Abraham hierdie keer kan verwag van die besoek van die Here? As jy deur Gen 18 lees, dan is daar duidelik twee sake wat die Here wil hanteer: (1) Die Here het 'n boodskap vir Sara rakende die belofte van 'n seun uit haar, en (2) Die Here het 'n boodskap vir Abraham rakende Sodom. Die een saak handel dus oor die belofte van hoop en lewe, en die tweede saak handel oor die belofte van oordeel en dood. Ons kyk vandag net na die eerste saak rakende die boodskap aan Sara. Ons lees ook die verskyning het by die akkerbome van Mamre plaasgevind – dit beteken dit was in Hebron, waar Abraham gewoon het (Gen 13:18).

Lees Gen 18:1-8. Die verskyning van die Here het op die hitte van die dag begin – d.w.s. teen die middel van die dag, daardie tyd van die dag wat daar tipies gerus is weens die hitte. Ons lees Abraham het rustig by tent se ingang gesit, toe hy skielik drie mans by hom sien staan. Wie is die drie mans? Dit word uit die gedeelte duidelik dat die drie mans die Here self was, plus twee engele – ons weet dit uit die volgende: Vers 1 het immers alreeds gesê dit was 'n verskyning van die Here, en ons kan dus aflei een van die drie mans moes die Here gewees het. Vers 13 sê ook spesifiek <u>die Here</u> het vir Abraham gevra – dus moet een van die mans die Here wees. Verder lees ons in vers 3 dat Abraham sê: "My heer, as ek guns vind in u oë...". Waltke redeneer dit moet eerder vertaal word as: "My Heer" – met 'n hoofletter. Dit is ook hoe die ESV en die NIV dit vertaal. As dit waar is, beteken dit Abraham het redelik gou verstaan dat een van die persone die Here self was. Nou, ek gee toe, dit is nie heeltemal duidelik hoe vinnig Abraham dit besef het nie, want in Heb 13:2 lees ons: "Moenie versuim om gasvry te wees nie, want hierdeur het sommige, sonder dat hulle dit weet, engele as gaste ontvang" – duidelik verwys Heb 13:2 na die gebeure in Gen 18, en dit lyk of hy hulle gasvry ontvang het voor hy verstaan het hulle was engele. Maar Abraham het op 'n stadium besef dit was die Here, en sy optrede in Gen 18 suggereer hy het redelik vinnig tot die besef gekom: Ons sien in vers 2 Abraham het na die drie mans gehardloop – daar was dus dringendheid. Hy het voor hulle gebuig – daar was dus respek by hom. In vers 3 pleit hy vir guns by die Here, en ook dat die Here tog nie by hom as dienaar verby moet gaan nie. Ons sien ruim gasvryheid by Abraham – hy bied vir hulle water aan om hulle voete te was, hy bied vir hulle brood aan om hulle innerlik te versterk, hy bied vir hulle 'n hele feesmaal aan van roosterkoeke, 'n bulkalf met melk en botter. Ons sien deurgaans dringendheid in sy optrede: Hy gaan <u>haastig</u> in sy tent in, Sara moet <u>gou</u> die roosterkoeke bak, hy <u>hardloop</u> na die beeste toe, sy dienaar moet <u>gou</u> die bulkalf voorberei. En dan, terwyl die mans eet, staan Abraham in respek onder die boom.

Lees Gen 18:9-15. In hierdie verse lees ons van die gesprek wat plaasgevind het na die ete. Die gesprek begin deurdat die mans vir Abraham vra: "Waar is Sara, jou vrou?" Die Here vra spesifiek na Sara – Sara was dus in die Here se fokus tydens hierdie besoek. Abraham sê Sara is in die tent. Daarna herhaal die Here spesifiek die belofte wat Hy in Gen 17:16 en 21 vir Abraham gegee het, naamlik dat Sara vir Abraham 'n seun sal baar – en dit sal spoedig gebeur: voor die seisoen draai. Ons lees dat Sara by die ingang van die tent gestaan het, waar sy die boodskap kon hoor. Ek glo die

Here het spesifiek so gaan sit sodat sy kon hoor wat Hy sê. En dan lees ons Sara se reaksie – haar reaksie is soortgelyk aan wat Abraham se reaksie in Gen 17 was: Sara het ook gelag, sy het ook in haar binneste gelag. En die rede vir haar lag, is soortgelyk aan Abraham se rede – hulle is eenvoudig te oud om kinders te kry. Sy weet dit baie goed: Immers is sy nog haar hele lewe onvrugbaar, en nou is sy boonop nog oud ook – sy beleef nie eens meer haar maandelikse siklusse nie. Soos Abraham, is Sara ook oortuig dat die Here nou onrealisties is. Almal weet tog dat dit nie so werk nie.

Die verstommende is dat Sara in haar binneste gelag het, en net gedink het dit is onrealisties. Maar die Here weet dit presies, en daarom vra Hy vir Abraham hoekom Sara gelag het en gedink het dat sy te oud is om geboorte te kan gee. En dan vra die Here die belangrike vraag: "Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here?" Natuurlik is dit 'n retoriese vraag met die antwoord: "Niks is te wonderbaarlik vir die Here nie!" En omdat dit waar is, daarom herhaal die Here opnuut Sy belofte: met die draai van die seisoen sal Sara 'n seun hê.

Tydens hierdie gesprek van die Here, het Sara bang geword – sekerlik toe sy hoor hoe die Here weet dat sy in haar hart gelag het en ook presies wat sy gedink het oor haar en Abraham se ouderdom. Duidelik weet die Here alles, en dit maak haar bang. As sy ontken dat sy gelag het, sê die Here vir haar dit is nie waar nie – sy hét gelag. Natuurlik was die Here reg.

Toepassings

Bogenoemde is 'n beskrywing van die gebeure. Ek wil graag nou aandag gee aan drie toepassings wat ons uit hierdie gedeelte kan maak:

- Abraham se gasvryheid het gelei tot 'n heilsmoment: Soos wat ek vroeër opgemerk het, is dit nie heeltemal duidelik presies wanneer Abraham besef het dit was die Here en twee engele wat hom besoek het nie. Maar wat wel duidelik is, is dat reg van die oomblik dat hy die drie mans gewaar het, was daar 'n gretigheid en 'n dringendheid by Abraham om hulle gasvry te ontvang. Heb 13:2 suggereer sy gasvryheid was duidelik nog voor hy besef het hulle was engele en die Here. Onthou, hy het rustig by die ingang van sy tent gesit op die hitte van die dag. Maar toe hy die mans sien, was daar geen huiwering by Abraham nie, hy het hulle tegemoet gehardloop, by hulle gepleit om hulle te mag ontvang, hy het met haas en dringendheid vir hulle 'n groot feesmaal voorberei. Soos Heb 13:2 sê: Hy het nie versuim om gasvry te wees nie.

  Kom ons dink nou oor wat die gevolg was van sy spontane gasvryheid: Een gevolg was dat Abraham die Here en twee engele aan huis kon hê – wat 'n voorreg! 'n Verdere gevolg was dat die Here opnuut Sy belofte kom herhaal het dat Sara binnekort 'n seun sal hê. Nog 'n gevolg was dat dit die geleentheid geskep het waartydens die Here vir Sara kon konfronteer oor haar kleingeloof, soos wat die Here in Gen 17 Abraham gekonfronteer het oor sy kleingeloof. En boonop het sy gasvryheid tot gevolg gehad dat die Here ook met hom in gesprek getree het oor wat die Here met Sodom beplan – ons sal as die Here wil volgende keer hierby stilstaan. Sien jy die punt? 'n Eenvoudige reaksie van Abraham om spontaan en ywerig drie mans gasvry te ontvang, skep die geleentheid dat beide hy en Sara kan groei in hulle geloof en insae in die plan van die Here. Ons sou kon sê sy gasvryheid het die geleentheid geskep vir 'n heilsmoment vir hom en Sara. Dit is geen wonder dat die Hebreërskrywer sê ons moet nie versuim om gasvry te wees nie. Wie weet hoe groot die gevolge kan wees van gehoorsaamheid aan 'n eenvoudige opdrag: Wees gasvry.

  Ons sien iets soortgelyks in Mat 25:35 in die gelykenis wat Jesus vertel het oor die skeiding tussen die skape en die bokke tydens die finale oordeel. Ons lees dat die Koning vir die skape

aan Sy regterhand sal sê: "Want Ek was honger, en julle het vir My iets te ete gegee; Ek was dors, en julle het vir My iets te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My as 'n gas verwelkom". Dit is tog presies wat Abraham gedoen het. Later in die gelykenis verduidelik Jesus dat dit nie beperk is tot dade direk tot voordeel van Homself nie, dit geld ook wanneer dieselfde gedrag geopenbaar word teenoor 'n geringe broer. Ons sien hier dat iets soos gasvryheid implikasies het, selfs tot in die finale oordeel.

Het jy dit al beleef? Was jy al gasvry teenoor iemand, wat aanleiding gegee het tot 'n heilsmoment? Byvoorbeeld: Het jy al gasvry opgetree teenoor iemand wat aanleiding gegee het daartoe dat jy en die gas 'n gesprek gehad het wat jou tot nuwe insigte gebring het oor die werk van die Here (soos Abraham), of wat jou gekonfronteer het oor jou skeptisisme oor die werk van die Here (soos Sara)? Hou jy jou oë oop vir sulke heilsmomente?

Heilsmomente kom natuurlik nie net deur gasvryheid nie. Nou die dag sit ek in die parkeerarea en wag vir iemand. Op die sypaadjie is daar 'n jongman wat bedel. My eerste reaksie is: ek hoop nie hy konfronteer my nie. 'n Vrou kom verbygestap – uit haar voorkoms is dit duidelik sy is heelwaarskynlik arm. Maar, sy gee vir die bedelaar geld, en ek hoor hoe sy vir hom sê: "Hier is vir jou iets – ek weet hoe dit voel". Ek was aangespreek deur haar optrede – dit was 'n onverwagse, onbeplande heilsmoment vir my.

Sulke onverwagse heilsmomente kan kom deur jou interaksie met 'n kollega, 'n vriend, jou lewensmaat. Dit kan kom deur siekte of ander vorms van swaarkry. Die vraag is: is jou oë oop om onverwagse heilsmomente raak te sien, en daaruit te leer?

- <u>Die Here ontferm Hom oor elke gelowige:</u> Soos wat ons die afgelope paar weke gesien het, is die sluiting en die inhoud van die Abrahamverbond 'n groot hoogtepunt in die openbaringsgeskiedenis waarvan die waarde nie maklik oorskat kan word nie. Onthou, ons het al vanaf Gen 12 gesien hoe die Here met Abraham werk: Die Here maak groot beloftes aan Abraham, as Abraham faal, dan bring die Here hom terug uit Egipte, geleidelik maak die Here al meer aan Abraham bekend hoe ver Sy beloftes strek, en dan sluit die Here 'n verbond met Abraham, en Hy gee selfs aan Abraham die teken van die verbond. Die hele tyd lees ons hoedat Sara saam met Abraham die pad loop. Sy trek saam, sy word selfs vir die farao as vrou gegee, maar die fokus is nie soseer op haar nie – nee, die fokus is op die Here se handelinge met Abraham.

  In Gen 16 was die fokus vir 'n wyle op Sarai, toe sy Hagar aan Abraham aanbied sodat hy 'n kind by haar kan verwek, wat dalk kon help om die belofte van die Here in vervulling te laat gaan. Uit hierdie gebeure was dit duidelik Sarai was ook besorgd oor die vervulling van die Here se beloftes. Maar, haar plan was uit lyn met die Here se plan – en die fokus skuif weer weg van Sarai af na Hagar en Ismael, en natuurlik Abraham. In Gen 17 praat die Here weer met Abraham oor die verdere detail van die verbond en die teken van die verbond – en dit is eers aan die einde van die gesprek dat die Here darem sê Sarai se naam ook sal verander, en dat spesifiek Sara 'n seun vir Abram sal baar. Maar let op, die Here praat steeds met Abram daaroor. En dan gaan die Here weg.

  In Gen 18 verskyn die Here weer – weer aan Abraham. En dit lyk of die patroon homself gaan herhaal – Sara is ook daar, maar haar rol is om vinnig roosterkoeke te bak. Maar, dan, na ete, in vers 9, vra die Here: "Waar is Sara?" Ja, die Here praat steeds met Abraham. Maar Hy het juis so gaan sit dat sy kan hoor, en Hy wil spesifiek weet waar Sara is. Sy is nou die fokus van die Here. Een van die redes hoekom die Here weer gekom het, is om met Sara te

werk. Die Here herhaal weer sy belofte dat sy spoedig 'n seun sal hê. Sara se reaksie is in kleingeloof – soos Abraham in Gen 17. Al praat die Here met Abraham, is Sy fokus op Sara: Hoekom het sy gelag en gedink sy is te oud? En dan, dit is juis teenoor Sara dat die Here daardie groot vraag vra: "Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here?" Dit is so 'n aangrypende stelling dat dit later verskeie kere in die Bybel herhaal word: Jeremia haal dit aan in Jer 32:17 as hy 'n stuk grond koop in die grondgebied van Benjamin t.p.v. die feit dat hy ook profeteer dat 'n ballingskap op hande is – hy is oortuig die Here sal die volk terugbring – want is enigiets te wonderbaarlik vir die Here? Sagaria doen dieselfde in Sag 8:6.

En dan, in vers 15, praat die Here direk met Sara: "Nee, maar jy hét gelag". Dit is geen wonder dat Sara op hierdie stadium bang was nie. Die Here konfronteer haar direk. Hy konfronteer haar met die waarheid, en sy weet dit is die waarheid. Maar sy weet ook, sy het net in haar hart gelag en het net gedink die Here se plan is irrasioneel – en tog weet die Here dit alles. Dit moes Sara tog aan die dink gesit het: As Hy dit alles weet, miskien is Hy ook by magte om alles te doen wat Hy beloof, miskien is Hy reg as Hy sê: "Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here?"

Die punt wat ons moet raaksien, is dat die Here elke gelowige in Sy gedagtes het. En Hy konfronteer elke gelowige. Maar Hy konfronteer hulle nie almal noodwendig op dieselfde manier of op dieselfde tyd nie. Ons dink tipies aan hoe die Here persone gekonfronteer het wat groot rolle in die openbaringsgeskiedenis vervul het: mense soos Abraham, Moses, Dawid of Paulus. Maar, ons moet onthou die Here werk ook met mense soos Sara, of Ragab, of Rut, of Ester. Nie net is hulle ook elkeen deur die Here gekonfronteer nie, hulle het ook elkeen 'n besondere rol gespeel in die openbaringsgeskiedenis. Sara was essensieel vir Isak om gebore te word. Rut was essensieel vir Dawid om gebore te word. Ester was essensieel vir die bewaring van die Joodse volk. Die punt is: Elke gelowige word deur die Here gekonfronteer. Die dag kom dat die Here spesifiek vra: Waar is Sara? Waar is jy? Waar is ek? En elke gelowige speel 'n onmisbare rol in die uitwerk van die Here se verlossingsplan.

- <u>Die verlossingsplan van die Here is menslik gesproke irrasioneel:</u> Hoekom het Abraham en Sara so gesukkel om die Here se belofte van 'n groot nageslag te glo? Die rede hoekom hulle so gesukkel het, is omdat die belofte van die Here irrasioneel was – irrasioneel volgens hulle logika. Tydens haar hele leeftyd was Sara onvrugbaar – nooit het sy 'n kind gehad nie. Nou is sy nie net onvrugbaar nie, sy is boonop oud – en nóú sê die Here sy gaan 'n kind hê. Jou gesonde verstand sê vir jou wat die Here beloof, is irrasioneel. Dit is eenvoudig net nie hoe dinge werk nie. En daarom lag beide Abraham en Sara. Wat die Here beloof maak net nie logies sin nie.

  Dit is natuurlik ook hoe ongelowiges redeneer. Hulle sê: Almal weet donkies en slange kan nie praat nie. Almal weet water kan nie in wyn verander nie. Almal weet 'n maagd kan nie geboorte gee nie. Almal weet dooies word nie weer lewendig nie. Dit is onlogies. Dit is nie hoe dinge werk nie. Dit is irrasioneel. En daarom sê jou gesonde verstand vir jou: Christus is nie die Verlosser nie, en die Christelike geloof is irrasioneel.

  So, kan ek jou vra: Gelowige, hoekom is jy so irrasioneel om dit alles te glo? Wel, ons glo dat ons geloof deur die Here in ons gewerk word – dit is tog juis die werk van die Heilige Gees. Maar, ons glo ook dat die Heilige Gees deur die Woord werk, dit beteken die Heilige Gees werk deur die gebeure in die openbaringsgeskiedenis wat in die Bybel opgeteken is. Maar dit is juis in die Bybel dat ons lees van hierdie onlogiese dinge – soos Abraham en Sara wat op 'n hoë ouderdom 'n kind gaan kry. Hoekom doen die Here dit? Hoekom het die Here nie 'n jaar

na Hy Abraham geroep het, Isak vir hulle gegee nie? Hoekom moes dit 25 jaar neem? Trouens, hoekom het die Here Abraham nie op 'n jonger leeftyd geroep nie, en hoekom het Hy nie gesorg dat Sara vrugbaar was nie?

Wel, die eerste punt wat ons moet raaksien, is dat as jy sou aanblaai na Gen 21, dan sien jy dat die Here Sy belofte gestand gedoen het, en dat Isak inderdaad op die bestemde tyd wat die Here gesê het, gebore is (Gen 21:1-2). Al was dit onlogies vir Abraham en Sara – is niks te wonderbaarlik vir die Here nie. In Gen 21:6 sê Sara: "'n Lag het God vir my beskik. Elkeen wat dit hoor, sal my toelag." Abraham en Sara se siniese, beterweterige lag in kleingeloof, word deur die Here verander in 'n lag van vreugde.

Maar die Here het meer in gedagte gehad met hierdie gebeure. Blaai saam met my na Luk 1:5-18. Let op die volgende:

- Vers 6: Sagaria en Elisabet het regverdig, onberispelik voor God geleef – soos Abraham
- Vers 7: Hulle was oud en Elisabet onvrugbaar – soos Abraham en Sara
- Vers 11: 'n Engel verskyn aan Sagaria – soos aan Abraham
- Vers 13: Elisabet 'n sal seun baar, en jy moet hom Johannes noem – soos Abraham en Sara
- Vers 14: Sagaria en baie ander sal vreugde beleef – soos Sara
- Vers 18: Sagaria vra: Hoe sal ek weet – soos Abraham en Sara wat lag

Maar steeds is die Here nie klaar nie. Lees Luk 1:26-37

- Verse 26-27: 'n Engel verskyn aan Maria – soos aan Abraham en Sagaria
- Vers 27: Maria was 'n maagd – maagde kry nie kinders nie, netsoos Sara en Elisabet ook nie kon verwag om kinders te kry nie
- Vers 31: Maria sal swanger word met 'n Seun wat sy Jesus moet noem – soos Abraham en Sagaria
- Vers 34: Maria redeneer dit is onlogies, want sy het nie gemeenskap met 'n man gehad nie – soos Abraham, Sara en Sagaria
- Vers 37: "Want geen woord wat van God kom, is kragteloos nie" – soos met Sara: "Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here?"

Ek glo die ooreenkomste in die gebeure rondom Isak, Johannes en Jesus se geboortes is duidelik. Hoekom doen die Here dit op hierdie manier? Want Hy weet hoe ons logika werk. Hy weet ons gaan swaar sluk aan ou, onvrugbare vrouens wat kinders kry. Maar Hy wil dit juis gebruik – want sien Hy is op pad na iets groters. Hy wil ons oortuig dat 'n maagd swanger kan word en 'n Seun in die wêreld kan bring – volgens ons logika is dit totaal onmoontlik dat 'n vrou wat nie gemeenskap met 'n man gehad het nie, swanger kan word – dit werk net eenvoudig nie so nie! Natuurlik moes Jesus juis uit 'n maagd gebore word, omdat Hy gelyktydig God en mens moes wees om Sy verlossingswerk effektief te kon doen. Maar om ons voor te berei op hierdie maagdelike geboorte, begin Hy alreeds in Genesis met 'n ou en onvrugbare Sara. In Gen 17 en 18 beloof Hy oor 'n jaar sal sy 'n seun hê. En as Abraham en Sara daaroor lag, sê die Here: "Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here?" En dan, op die bestemde tyd, word Isak gebore – en Abraham en Sara moet erken, al was dit vir hulle onlogies, dit was nie te wonderbaarlik vir die Here nie. Daarna herhaal die Here die gebeure met Sagaria en Elisabet – weer voorspel die Here dat 'n ou, onvrugbare vrou swanger sal word, en weer gebeur dit presies soos die Here gesê het – want niks is te

wonderbaarlik vir die Here nie. En dan die klimaks: Die Here sê ‘n maagd sal swanger word. Teen hierdie tyd moet ons weet: Niks is te wonderbaarlik vir die Here nie, hoe onlogies dit ook vir ons mag wees. En die Seun van God word as mens gebore as die Een wat beloof is uit Eva en Abraham se nageslag wat geregtigheid kom bewerk vir elkeen wat in Hom glo.

Alhoewel ons geloof nie altyd sin maak volgens menslike logika nie, begelei die Here ons in Sy Woord deur Sy Heilige Gees om ons voor te berei op hierdie dinge wat vir ons oënskynlik onlogies is. Die logika in die openbaring van die Here is verstommend, en is juis sodanig om ons te help wanneer ons logika te kort skiet. Die eer behoort aan die Here.